

Afrikaanse Digtors oor Kuns, Kultuur, en Politiek in die 1930's

J.C. Kannemeyer (red.), *Ek ken jou Goed Genoeg ... Die Briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw 1936-1939*
Protea Boekhuis, Pretoria, 2004

309 pp

Sagteband

ISBN 1 86919 088 2

R150.00

In 1990 het daar by die destydse uitgewer Jutalit uit die pen van J.C. Kannemeyer die werk *Die dokumente van Dertig* verskyn. Die tweede hoofstuk hiervan dra die titel “Die vriendskap van twee broers”, met as subopskrif “N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw 1936–1939”. Na hierdie titel word ook op enigsins verwarrende (foutiewe?) wyse op p 11 van *Ek ken jou goed genoeg ...* verwys en so ’n verband tussen die twee publikasies gelê.

Die briewe, wat naas onder meer W.E.G. Louw se outobiografiese gedig “Naggiesprek”, een van die belangrikste bronne vir die genoemde Hoofstuk 2 was, is nou vir alle belangstellendes toeganklik gemaak in hierdie 2004-werk van Kannemeyer en ’n aantal medewerkers. Die publikasie het ontstaan binne die kursus Dokumentasiekunde van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch, meer spesifiek uit die werk in edisietegniek en argivale studie wat dosente en senior studente in dié departement onder Kannemeyer se leiding gedoen het. Tereg word dit “die eerste wetenskaplik versorgde uitgawe van briewe op die gebied van die Afrikaanse letterkunde” genoem (p 9). Baanbrekerswerk dus. Die baie belangrike wêreld van argivale navorsing en edisietegniek is trouens een wat binne die Afrikaanse literêre wêreld in die algemeen nog grootliks onontgin is.

Voordat die briewe self aan die beurt kom, verskyn daar drie afdelings, getitel “Woord vooraf”, “Inleiding” en “Metode van redigering”, waarin die wyse van uitgawe van die briewe verantwoord word en die briewe bondig, maar verhelderend gekontekstualiseer word binne bepaalde tendense in die (Suid-) Afrikaanse en internasionale politieke, literêre en geesteslewe van om en by 1936 tot 1939. Ook hulle temas en toonaard word kortliks aangeraak. So lees ’n mens byvoorbeeld dat die werkgroep verskillende soorte uitgawes vir hierdie briefwisseling oorweeg het. “Daar was die moontlikheid van ’n diplomatieuse uitgawe wat die teks so presies as moontlik gelyk aan die oorspronklike weergee. Die algemene gevoel was egter dat briewe in status wesentlik van

byvoorbeeld gedigte verskil en dat dit eerder wenslik is om die briewe so toeganklik as moontlik te maak en leesversperrings uit te skakel” (p 8), en “Dié briewe is geskryf in ’n tyd toe ’n regering, soos tans ook weer, aan bewind was waarvan sommige lede apaties was teenoor dié ideale en strewe van die digters en intellektuele wat Afrikaans hul erns gemaak het” (p 22). Hierbenewens word daar deurgaans in die teks ’n groot hoeveelheid nuttige inligting by wyse van annotasies in voetnote verskaf.

Oor die betekenisvolheid van hierdie korrespondensie skryf Kannemeyer-hulle self onder meer die volgende:

As verslag van ’n belangrike periode in die literatuur en geesteslewe van die Afrikaner, is die briefwisseling tussen Van Wyk Louw en W.E.G. Louw uit die jare dertig ’n haas unieke dokument. ’n Mens sien hoe die aristokratiese opvatting oor die taak van die kunstenaar, wat in die poësie en opstelle van Van Wyk Louw in hierdie jare die suiwerste gestalte vind, reeds as aanlope in die briewe aanwesig is. (p 21)

Die briewe, chronologies gerangskik, begin met een deur W.E.G. Louw, gedateer 17 Februarie 1936, en kom uit Amsterdam waar hy in daardie stadium met sy doktorsale studie aan die Gemeentelike Universiteit besig was. Die laaste (sestigste) brief, ook van W.E.G. Louw en ook uit Amsterdam, is geskryf op 30 Augustus 1939. Dit laat die leser iets sien van die situasie in Europa en Nederland net voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en hoe dit beleef is:

Soos die saak vandag staan, weet ek nie of dit nog vrede is wanneer jy hierdie brief ontvang nie! Dit is verskriklike dae wat ons deurmaak, met spanninge en ontspanninge wat ’n mens soos ’n liggaamlike kwaal aantast ... Ek het ... reeds provisioneel ’n plek bespreek op die *Bloemfontein* van 3 November ... Die *Bloemfontein* kom ... op 21 November in die Kaap aan – tensy hy êrens onderweg getorpedeer word!! (p 309).

Reeds uit die eerste brief blyk enkele van die belangrike temas wat by herhaling in beide korrespondente se briewe na vore kom – nie net Louw se studie nie, maar ook die literêre lewe (hier spesifiek die rol van die Vereniging vir die Vrye Boek [VVB]) en die Suid-Afrikaanse politiek, spesifiek die “Naturelle-vraagstuk”: “Ek sien ... in die Hollandse koerante dat die Naturelle-wette deur die eerste lesing is, maar dat die aartskompromitteerder Hertzog alweer hier ’n flentertjie en daar ’n stukkie aan sy teëstanders afgegee het” (p 27). Laasgenoemde saak kom weer baie sterk na vore in Van Wyk Louw se brief van 22 Junie 1939 (Brief 55) wanneer hy byvoorbeeld skryf oor die moontlike redding van

volkome segregasie en krities is oor die onwetenskaplikheid van die nuwe blad *Rassebakens*: “Sien jy hoe deeglike wetenskaplikheid vir ons volksaak net so belangrik is as groot kuns? En waar sal ons die geleentheid kry om die kwaksalwery op alle gebiede te beveg?” (p 284).

In hierdie aanhaling kan die leser ook belangrike ingesteldhede en eise raaklees wat die sogenoemde Dertigers op alle terreine van die Afrikanervolkslewe – literêr, kultureel, polities – wou handhaaf en stel: streng en suiwer denke, ’n kultuur en letterkunde wat nie maar eng lokaal is nie, maar universeel: “... dat inderdaad die voorstaan van ’n aristokratiese houding & menslikheid binne die massa vir my die werklike ‘sosiale’ houding is” (pp 167–168); “... ons moet meeding met die grotes van ander tye en lande, met ’n skrywery wat sy oog hou op die maklik verkrybare reputasie in ons land, wil ek niks te doen hê nie. Daarom het ek ‘ligter’ dinge laat uitval, al is hulle taamlik suiwer soms; ook dinge wat kan lyk soos ’n blote herkou van gryse verveling, eensaamheid, nagreëns, ens.” (p 240). Binne hierdie denkraamwerk is dit seker ook nie vreemd dat die gedagte aan ’n betekenisvolle kultuurkring en ’n eie tydskrif as spreekbuis meermale genoem word nie. In Brief 55 vat Van Wyk Louw dit soos volg saam:

... toe het ek ook die gevaar van die afwesigheid van ’n Afrikaanse kultuurkring besef. Hier en daar sal jy dit vandag kry. In Pretoria is die Neethlings seker so ’n kring waarin ’n jong en intelligente Afrikaner omgang kan vind sonder verveling. Maar dit is seker van groot belang vir ons saak dat ons so ’n hele leidende kring moet skep. Geen bohemiens nie, maar kennis van die moderne lewe, verdieping in die geestelike en intellektuele lewe van ons eie tyd en ook in die groot vraagstukke wat die gemoedere in alle beskaafde lande gaande maak – kunssake, sosiale geregtigheid, godsdienstige *vraagstukke*, nog meer as stigting. En om ná die verduideliking weer op my voorstel van ’n eie blad te kom, ek oorweeg hierdie saak nog altyd ... Die Huisgenoot sal waarskynlik noodgedwonge al hoe meer dieselfde rigting as die Brandwag opgaan – die behoeftes van die massa sal die koers bepaal. En dan sal dit al hoe moeiliker gaan om ernstige werk in enigeen van die twee geplaas of liever gelees te kry. Dit is dán dat dit vir ons noodsaaklik sal word om ’n eie orgaan te hê” (pp 278-279).

So word daar deur hierdie korrespondensie algaande ’n bepaalde beeld opgebou van hoe twee Afrikaanse intellektueles in die 1930’s ’n stuk lewe ervaar, daarvoor gedink en met mekaar daarvoor in gesprek getree het. Nie net die “aristokratiese” kultuurmens, kunstenaar en skrywer teenoor die massa of die binnelandse politiek nie, maar ook Duitsland, Hitler, Naziïsme en Fascisme (by wie albei ’n tyd lank aanklank gevind

Book Reviews

het), die rol en plek van die Jode en kommunisme kom ter sprake. So ook die politiekery in die Afrikaanse literêre wêreld met die rol van Abr. H. Jonker en (veral) Fransie Malherbe, die breekspul binne die VVB, die literêre verhouding tussen Nederlands en Afrikaans, nasionalisme (baie sterk verbind aan kultuur), die verskillende sieninge oor die bereiking van die republikeinse ideaal in Noord en Suid, die plek van die Afrikaner in die ekonomie en die gebreke in die Suid-Afrikaanse politieke denke.

Soos met sy literatuurgeskiedenis, literêre biografieë en ander publikasies, het Kannemeyer (en sy medewerkers) die Afrikaanse publiek 'n guns bewys met hierdie uitgawe, 'n uitgawe wat nie net aan letterkundiges nie, maar ook aan historici, denkers op allerlei gebiede en vir die geïnteresseerde leser 'n skat van inligting besorg in 'n boek wat, afgesien van enkele drukfoute, netjies versorg is.

Heinrich Ohlhoff
Departement Afrikaans
Universiteit van Pretoria